Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 30 AUGUSTUS 2012 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cloete, C M (ANC)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M A (DA)
Rust, N J A (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Munisipale Bestuurder wat ingevolge artikels 29(2) en 36(3) van die Strukturewet, 1998 as voorsitter optree totdat die verkiesing van die Speaker afgehandel is, noem dat Pastoor Andrew Mezani wat die opening van die vergadering sou behartig, weens onvoorsiene omstandighede nie hier kan wees nie.

Rdl R F van der Westhuizen word versoek om met gebed te open.

1.1 VERKIESING VAN SPEAKER EN OORHANDIGING VAN DIE VOORSITTERSTOEL (3/1/1)

Die Munisipale Bestuurder gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester om die aangeleentheid toe te lig.

Rdh T van Essen noem dat die salarisverhogings van 6% met ingang van 1 Julie 2012 en 'n latere 0,5% in Januarie 2013 die Raad met 'n tekort van R1,8 tot R2 miljoen laat, aangesien daar slegs vir 'n 5% salarisverhoging op aanbeveling van SALGA begroot is.

Die amptenary het 'n groot poging aangewend om besparings te bewerkstellig om vir die tekort op te maak, en moet daar vanaf die kant van die werkgewer ook 'n bydrae gelewer word.

In die lig van voormelde word –

EENPARIG BESLUIT/...

1.1/...

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C M Cloete)

(a) Dat rdh N J A Rust as waarnemende Speaker vir die vergadering aangewys word;

(b) Dat daar vir die volgende drie maande nie 'n Speaker aangewys word nie, ten einde by te dra tot die besparing op die tekort wat deur die salarisverhogings gelaat word.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die Speaker verwelkom raadslede en amptenare en rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die besoekers by die vergadering.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle B W Geel en F S Humphreys.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat gedurende Junie, Julie en Augustus verjaar.

3.1 BEVESTIGING VAN RDL M A RANGASAMY (3/1/7)

Bevestiging is vanaf die Onafhanklike Verkiesingskommissie ontvang dat Rdl M A Rangasamy na afloop van 'n tussenverkiesing in Wyk 6 met ingang van 2 Augustus 2012 as 'n lid van die Swartland munisipale raad verkies is.

Rdl M A Rangasamy lê die eed van getrouheid af op versoek van die Speaker.

BESLUIT

(a) Dat die Raad kennis neem van die verkiesing van rdl M A Rangasamy as wyksraadslid van Wyk 6 met die tussenverkiesing wat op 1 Augustus 2012 plaasgevind het;

(b) Dat die aanstelling van rdl Rangasamy op die munisipale raad met ingang van 2 Augustus 2012 bevestig word.

3.2 VERLOF: UITVOERENDE BURGEMEESTER

Die Uitvoerende Burgemeester deel die vergadering mee dat hy vanaf 2 tot 26 September 2012 (terug op kantoor op Vrydag, 28 September) in die buiteland sal wees op 'n privaat vakansie, en dat die Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath ingevolge die toepaslike wetgewing sal optree as waarnemende Burgemeester.

VIR KENNISNAME

3.3 "GAAN GROEN" KOMPETISIE: PRYSTREKKINGS

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik weereens dat die doel van die kompetisie is om soveel as moontlik van die munisipaliteit se kliënte op 'n elektroniese databasis te registeer. Dit sal nie slegs 'n langtermyn besparing op posgeld en drukkerskoste bewerkstellig nie, maar die databasis kan ook gebruik word in 'n noodsituasie, om kliënte te verwittig as daar 'n onderbreking in dienste gaan wees, algemene kennisgewings, ens.

Die Direkteur: Finansiële Dienste hou die kompetisie reëls aan die vergadering voor, waarna die prystrekkings deur die Munisipale Bestuurder, Uitvoerende Burgemeester en Uitvoerende Onderburgemeester behartig word. Die volgende pryse word toegeken –

- R1000 afslag op munisipale rekening, mnr W A Killops
- R2000 afslag op munisipale rekening, mnr P J van der Merwe
- R3000 afslag op munisipale rekening, mnr P F Loubser

x3 Blackberry/...

3.3/...

- x3 Blackberry Curve selfone vir prente ingekleur deur leerders tot en met Gr 7, onderskeidelik aan –
  - Marvin Frans
  - Isabella van der Vyver
  - Angela Lombard

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 31 MEI 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou 31 Mei 2012 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 31 MEI 2012

BESLUIT
(op voorstel van rdl Z Abrahams, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou 31 Mei 2012 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 16 MEI 2012
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 9 MEI 2012

5.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 23 MEI 2012

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 13 JUNIE 2012
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 6 JUNIE 2012

5.4 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 18 JULIE 2012

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die tendertoekenningskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 26 APRIL 2012

6.2 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 17 MEI 2012

6.3 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7 JUNIE 2012

6.4 NOTULE VAN 'N TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 26 JUNIE 2012

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 WYSIGING VAN VERTEENWOORDIGING DEUR RAADSLEDE OP INTERNE EN EKSTERNE KOMITEES (3/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat die afsterwe van rdh A Johnson en die nuutverkose raadslid in Wyk 6 meebring dat die verteenwoordiging deur raadslede op interne en eksterne komitees hersien moet word.

Die lys van verteenwoordiging sal verder hersien word wanneer 'n nuwe speaker in November verkies word, en doen die Uitvoerende Burgemeester 'n beroep op partye om die voorgestelde wysigings by sy kantoor in te dien.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die Raad goedkeuring verleen dat die wysigings soos gesikuleer moet die sakelys ten opsigte van die verteenwoordiging deur raadslede op interne en eksterne komitees aangebring word.

8.2 GOEDKEURING VAN TYDSKEDULE VIR DIE 1STE HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN EN DIE OPSTEL VAN DIE 2013/2014 BEGROTING (2/1/4/4/1)

Artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 bepaal dat die burgemeester binne 10 maande voor die begin van die begrotingsjaar, 'n tydskedule aan die Raad moet voorlê wat sperdatums aandui m.b.t. die begrotingsproses, sowel as die hersieningsproses van die GOP.

Die tydskedule is met die sakelys gesirkuleer, en bring die Munisipale Bestuurder die volgende toevoegings aan t.o.v. November 2012 –

(1) *Workshop with SMAF members and other invited stakeholders, 26 November 2012;*
(2) *Strategic session with Management and Mayoral Committee, 30 November 2012.*

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat die tydskedule vir die hersiening van die 2012-2017 GOP en die opstel van die 2013/2014 begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 goedgekeur word;

(b) Dat die Provinsiale Tesourie en die Departement van Plaaslike Regering in kennis gestel word van die voldoening aan artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur en van afskrifte van die tydskedule voorsien word.

8.3 WYSIGING VAN EIENDOMSBELASTINGSVERORDENING (1/1, 5/3/1/B)

Artikel 6 van die *Municipal Property Rates Act* (uitgebring slegs in Engels) bepaal dat 'n munisipaliteit 'n verordening moet aanneem ten einde uitvoering te gee aan die Eiendomsbelastingsbeleid.

8.3/...

Die Raad het met die goedkeuring van die begroting in Mei 2012 wysigings aan die Eiendomsbelastingsbeleid aangebring, en is dit noodsaaklik dat die wysigings van die beleid ook in die verordening vervat moet wees.

Geen kommentaar is vanaf die publiek ontvang gedurende die publieke deelname proses m.b.t. die wysigings aan die Eiendomsbelastingsverordening nie.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis met twintig stemme ten gunste daarvan, en een raadslid wat buite stemming bly.

BESLUIT
(op voorstel vavn rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl Z Abrahams)

Dat die wysigings van die Eiendomsbelastingsverordening deur die Raad aanvaar word en in werking tree by afkondiging in die Provinsiale Koerant.

8.4 EIENDOMSBELASTING VRYSTELLINGS VIR DIE 2012/2013 BOEKJAAR SOOS BEPAAL DEUR DIE EIENDOMSBELASTINGSBELEID (5/3/1/3)

Ingevolge artikel 10(2) van die Eiendomsbelastingsbeleid van Swartland Munisipaliteit is sekere organisasies en instellings geregtig op vrystelling van eiendomsbelasting.

'n Lys van organisasies en instellings wat dienooreenkomstig voldoen aan al die vereistes is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat die Raad kennis neem dat die vrystelling van eiendomsbelasting vir organisasies en instellings wat voldoen aan die vereistes ingevolge artikel 10(2) van die Eiendomsbelastingsbeleid 'n bedrag van R418 347,02 vir die 2012/2013 finansiële jaar beloop.

8.5 KREDIETBEHEER EN METERLESINGS: WYSIGING VAN ORGANISATORIESE STRUKTUUR TEN EINDE INKOMSTEBESKERMING TE INKORPOREER (2/3)

Tans is daar vier Munisipale Polisiebeamptes toegeken aan die Kredietbeheerafdeling om lg. behulpsaam te wees met wetstoepassingsaangeleenthede. Die tekort aan Munisipale Polisiebeamptes het genoodsaak dat hierdie persone betrek word by patrollies en operasies van die diens en is dus nie meer ten volle beskikbaar vir die Kredietbeheerafdeling nie.

Gevolglik het die gedagte ontstaan om die Kredietbeheerbeamptes op te lei as Vredesbeamptes. Dit behels dat hul posbeskrywings uitgebrei word om inkomstebeskerming daarby in te sluit en dat hul met die nodige wetstoepassingsopleiding dan self die wetstoepassingsaangeleenthede in hul daaglikse werk sal kan hanteer.

Die implikasie hiervan op die organisatoriese struktuur word in die verslag tot die sakelys voorgehou.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad die wysiging van die poste van Kredietbeheerbeampte, sowel as die gepaardgaande wysiging van die toesighoudende personeel op die organisatoriese struktuur (soos gesirkuleer met die sakelys) goedkeur;

(b) Dat daar kennis geneem word dat die wysiging van die poste van Meterleser, sowel as die gepaardgaande wysiging van die toesighoudende personeel op die organisatoriese struktuur oorgehou word tot tyd en wyl daar 'n bevestiging is dat die Kredietbeheer wysiging suksesvol was.

8.6/…

8.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN KERKPERSELE IN SWARTLAND MUNISIPALE GEBIED (12/2/R)

Daar word voortdurend versoeke vanaf kerkgenootskappe ontvang na die beskikbaarheid van grond in die Swartland munisipale area vir die vestiging van kerke.

Wanneer residensiële gebiede beplan word, word daar voorsiening gemaak vir erwe waarop o.a. kerke gevestig kan word en bestaan daar op die oomblik 'n aantal vakante erwe wat vir hierdie doel vervreem kan word.

Twee van die erwe wat aan die hand gedoen word vir vervreemding, naamlik erf 1652, Chatsworth en erf 7887, Riverlands word onttrek, aangesien die erwe vir ander doeleindes benut gaan word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat kennis geneem word dat die persele ter sprake nie vir 'n minimum basiese diens benodig word nie;

(b) Dat die vervreemding van die volgende erwe in terme van die Raad se Verordening insake die Administrasie en Bestuur van Onroerende Eiendom, PK 6067 van 19 September 2003 in die plaaslike pers geadverteer word vir kommentaar:

- Kalbaskraal – erf 673 (1400m²)
- Riebeek Kasteel – erf 1582 (995m²)
- Darling – erf 4047 (872m²)

(c) Dat tenders vir die verkoop van die erwe gevra word tesame met ontwikkelingsvoorstelle en/of besigheidsplanne sou geen besware teen die vervreemding ontvang word nie;

(d) Dat die reserweprys vasgestel word op R5,00 per m² plus 14% BTW, met dien verstande dat die oprigtingskoste van enige geboue daarop nie minder as R200 000,00 mag beloop nie, en die verkoop verder onderhewig sal wees aan 'n bouklousule van vier jaar, waarna gelikwideerde skadevergoeding betaalbaar sal wees;

(e) Dat 'n terugvalklousule teen die titelaktes van al bogemelde eiendomme geregistreer word tot die effek dat sodanige eiendomme die Raad weer sal toeval indien op enige stadium die grond nie meer vir kerkdoeleindes benut word nie, of indien die eienaar/s (of hul regsopvolgers) na verloop van ses jaar vanaf datum van verkoop van die eiendom steeds in gebreke sou wees om 'n kerkgebou op die eiendom op te rig;

(f) Dat die koper verder verantwoordelik sal wees vir die betaling van oordragkostes aan die Raad se prokureurs.

8.7 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM TE RIVERLANDS (12/2/5/2-13/2)

Die Provinsiale Gesondheidskliniek te Riverlands word tans bedryf vanuit 'n gebou wat van die VGK Kerk gehuur word. Die VGK het die verhuring met ingang van 30 September 2012 opgeskort.

Die Departement van Gesondheid het die Raad genader om 'n perseel aan hulle te vervreem waarop eers 'n mobiele kliniek en mettertyd 'n permanente gebou opgerig kan word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat kennis geneem word dat erf 7911, Riverlands nie in die toekoms vir 'n basiese munisipale diens benodig word nie;

8.7/...

(b) Dat die Raad goedkeur dat erf 7911, Riverlands uit-die-hand-uit aan die Wes-Kaapse Provinsiale Regering vervreem mag word, met inagneming van die vereistes in terme van artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003;

(c) Dat die voorgenome vervreemding van erf 7911 in terme van die Raad se Verordening insake die Administrasie en Bestuur van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers geadverteer word vir kommentaar;

(d) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder (of sy gedelegeerde) verleen word om die voorwaardes vir vervreemding van die eiendom in oorlegpleging met die Raad se prokureur te finaliseer;

(e) Dat die verkoopprys vasgestel word op markwaarde ten bedrae van R84 000,00 plus 14% BTW;

(f) Dat die koper verantwoordelik sal wees vir die betaling van alle kostes wat uit hierdie transaksie mag voortspruit;

(g) Dat die nodige grondgebruiksveranderingsproses deurloop word;

(h) Dat reg van toegang tot die perseel ondertussen aan die koper verleen word ten einde beplanning en oprigting van die mobiele gebou te doen;

(i) Dat die onbenutte skeepshouer op erf 7911 deur die munisipaliteit verwyder word.

8.8 VERVREEMDING VAN ERF 835, YZERFONTEIN: AANSOEK VAN DIE KOPER OM DIE KOOP TE WYSIG IN DIE NAAM VAN 'N TRUST, PLEKS VAN 'N NATUURLIKE PERSOON (12/2/B, 12/1/4/1)

[Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz verlaat die lokaal vir die duur van die bespreking.]

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 12 April 2012 aan die Raad aanbeveel om die aanbod t.o.v. erf 835, Yzerfontein van R730 000,00 te aanvaar, waarop die Raad die aanbod op 31 Mei 2012 dienooreenkomstig aanvaar het.

Die koper, mnr Dawid de Jager het die oordragprokureur, Terblanche Slabber Pieters versoek om die Koopooreenkoms te wysig ten einde hom in staat te stel om die eiendom vir belastingvoordele eerder in 'n Trust aan te koop.

Alhoewel daar geen verdere implikasies vir die munisipaliteit is nie, is daar onlangse regspraak waar die koper se identiteit verander is nadat munisipale eiendom vervreem is, sonder om die oorspronklike besluitnemer, naamlik die Raad daarvan in kennis te stel en is die transaksie deur die Hoërhof ter syde gestel.

Die aangeleentheid is op 15 Augustus 2012 onder item 7.6 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê en word dienooreenkomstig verslag aan die Raad gedoen.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat daar weereens kennis geneem word van die verklaring van belange deur die Munisipale Bestuurder;

(b) Dat die oordragprokureur, Terblanche Slabber Pieters in kennis gestel word dat goedkeuring verleen word dat die eiendom te Yzerfontein, synde erf 835 deur die koper (Dawid de Jager) in 'n trust aangekoop word, pleks van 'n natuurlike persoon, ingevolge die nominasie proses van klousule 14 van die ooreenkoms;

(c) Dat goedkeuring verleen word dat die tydperk ingevolge klousule 14 van die ooreenkoms, vir die nominasie van 'n ander entiteit (trust) as die koper (Dawid de Jager) verleng word tot 30 dae na datum van die Raadsbesluit (m.a.w. 30 September 2012);

(d) Dat weens/...

8.8/...

(d) Dat weens die verklaring van belange deur die Munisipale Bestuurder, die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om ingevolge goedgekeurde bevoegdheid die nominasie ooreenkoms te magtig met inbegrip van die wysigings.

8.9 SAMEWERKINGSOOREENKOMS MET STAD KAAPSTAD TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN HUL DIERESKUT (17/15/1/2)

Loslopende diere in die Swartland munisipale area is ‘n baie groot probleem, veral diere wat op die N7 rondbeweeg en wat sodoende motoriste se lewens in gevaar stel.

Daar is reeds ‘n geruime tyd terug begin met samesprekings met Stad Kaapstad om van die diereskut in Atlantis gebruik te maak ten einde die probleem met loslopende diere aan te spreek.

‘n Konsep samewerkingsooreenkoms tussen Stad Kaapstad en Swartland Munisipaliteit is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl W Wilskut, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad kennis neem van die konsep samewerkingsooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en Stad Kaapstad;

(b) Dat gedelegeerde magte aan die Munisipale Bestuurder (of sy gedelegeerde) verleen word om die ooreenkoms met Stad Kaapstad te finaliseer;

(c) Dat die finale ooreenkoms (eindproduk) weer aan die Raad voorgelê sal word vir bekragtiging.

8.10 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERWE 541, 2596 EN 5607, MALMESBURY AAN DIE WESKUS KOLLEGE (12/2/R)

Die Munisipale Bestuurder doen ‘n voorlegging aangaande die voorgestelde ligging van die Weskus Kollege langs ‘n gedeelte van Loedolfstraat en ‘n gedeelte van Kerkstraat.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat twee erwe in Kerkstraat, synde erwe 5602 en 532 addisioneel oorweeg moet word vir beskikbaarstelling aan die Weskus Kollege, omrede ‘n privaat ontwikkelaar belangstel om met die Raad te onderhandel oor die verkoop van ‘n gedeelte van erf 2596 (benodig in die omgewing van ongeveer die grootte orde van ±2500m²) vir besigheidsdoeleindes.

Die vestiging van die kampus op die geïdentifiseerde terrein pas nie alleen in by die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir Malmesbury nie, maar sal die ontwikkeling meebring van ‘n gedeelte van die dorp wat tans onbenut lê.

Na afloop van die voorlegging deur die Munisipale Bestuurder, reël die Speaker dat die aangeleentheid in-komitee verder hanteer sal word, weens die waardasiepryse wat die Munisipale Bestuurder bekend wil maak.[1]

GETEKEN:
SPEAKER

[1] Item 2.1 van die in-komiteevergadering gehou 30 Augustus 2012 verwys